Die Avenue-hotel is ná opknapping weer sy óú self

Vishoek se bekende Avenue-hotel is onlangs herontwerp en opgradeer tot 'n luukse aftreeoord.

Die gebou bestaan uit 44 eenhede en is slegs twee blokke van Vishoek se strand af geleë.

Kopers het lewensreg en kry toegang tot al die hotel se geriewe, waaronder stylvolle en gerieflike kuiervertrekke soos 'n sitkamer, kweekhuis, kroeg, leeskamer en rekenaar- en wifi-lokaal.

Daar is ook 'n ruim eetkamer, waar drie maaltye asook oggend- en middagtee daagliks aan inwoners en hul gaste voorgesit word.

Die grootte van die individuele kamers wissel tussen 17 m^2 en 73 m^2. Elkeen het sy eie en suitebadkamer, terwyl nege van die eenhede ook 'n privaat sitkamer het.

Die eenhede is ten volle gemeubileerd en smaakvol versier. Skoonmaakdienste is by die maandelikse heffing ingesluit.

Die oord word bestuur deur die Welsynsorganisasie vir Bejaardes van die Kaapse Skiereiland.

Buiten die skoonmaakdienste het inwoners ook toegang tot 'n weeklikse kliniek, Call for Care-nooddienste, 'n 24-uur-veiligheidsdiens, elektrisiteit, water, instandhouding van die eenheid en weeklikse wasgoeddienste.

Die gerieflike ligging van die gebou beteken dat inwoners maklike toegang tot plaaslike winkels, haarkappers, banke en eetplekke het, en na hartelus die strand kan besoek.

Vishoek is die perfekte omgewing vir bejaardes.

Die dorpie is rustig en die inwoners is baie vriendelik. Daar is voldoende geriewe en aktiwiteite om 'n opwindende aftrede te verseker.

Om eenhede te besigtig, stuur 'n e-pos vir Bev Bloch by theavenue.fishhoek@gmail.com of bel haar by ☎ 021 784 4000 of ☎ 083 252 2594.

Vir meer inligting besoek die hotel by Eerstelaan, Vishoek.

Inwoners kry elke dag drie maaltye in die Avenue-aftreeoord se groot eetkamer. Foto: VERSKAF